# HOOFSTUK 8

## *DIE NASIONALE SIMBOLE*

## 8.1 INLEIDING

In die konteks van die sentrale tema van die studie dui die term nasionale simbole op die stryd ter verkryging van 'n nasionale vlag en volkslied vir Suid-Afrika.

Anders as die uitgerekte stryd om 'n nasionale vlag te bekom, was politieke twiste oor watter volkslied nasionale status moes verkry, van korte duur.

Hertzog se houding met betrekking tot die toesegging van volksliedstatus aan God Save the King, het bykans die voortbestaan van die VP in gevaar gestel.

## 8.2 DIE VLAGSTRYD

Na 'n jarelange stryd in die twintigerjare om 'n nasionale vlag vir Suid-Afrika te verkry, sou die kwessie steeds in die dertigerjare 'n invloed op Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie uitoefen.

Die Suid-Afrikaanse politieke toneel is in die laaste helfte van die twintigerjare deur 'n vlagstryd oorheers. Die belangrikste strydvraag was of die Britse vlag, die Union Jack, steeds oor Suid-Afrika moes wapper, en indien wel, in watter vorm. Politici het só skerp daaroor verskil dat die stryd tot drie jaar uitgerek het voordat 'n kompromie tussen die NP en die SAP in 1927 bereik is.

### *8.2.1 DIE AARD EN OMVANG VAN DIE VLAGSTRYD*

'n Vlagwetsontwerp van dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, het vroeg in 1925 in die Parlement die wind só sterk van voor gekry dat dit enkele weke later teruggetrek moes word. 'n Gekose komitee is in Januarie 1926 aangestel om die vlagkwessie te ondersoek. Een van die lede, dr. N.J. van der Merwe, NP-LV vir Winburg, het voorgestel dat twee vlae voortaan in gebruik moes wees. Die Union Jack as Suid-Afrika se simbool van sy Britse konneksie, en 'n nasionale vlag om die nasionale sentiment te simboliseer.

Hierdie voorstel van Van der Merwe is aanvanklik goed ontvang. Vooraanstaande SAP-leiers het egter na enkele maande laat blyk dat Engelssprekendes nie 'n skoon

vlag, sonder die Union Jack, sou aanvaar nie. Hulle was ook nie tevrede dat die Union Jack slegs met spesiale geleenthede gehys word nie.[1]

Hierdie reaksie van Engelssprekendes was waarskynlik die belangrikste oorsaak van die lang dispuut wat gevolg het. Van die begin af was dit duidelik dat Engels- sowel as Afrikaanssprekendes baie waarde aan die simboliese betekenis van die vlag geheg het.

Vir Engelssprekendes was die Union Jack simbool van en sinoniem met Suid-Afrika se Britse konneksie. Enige poging om die Union Jack te verwyder of in 'n minderwaardige posisie te plaas, het Ryksgesindes se vrees dat Suid-Afrika van die Britse Gemenebes sou afskei, gestimuleer. Hulle was gevolglik agterdogtig oor die 1925-Vlagwetsontwerp en het dit as die eerste stap tot volwaardige sesessie beskou.[2]

Volgens H. Saker, 'n gesaghebbende historikus, was dit juis Malan en 'n dagblad wat hom ondersteun het se aanhoudende propagering van soewereine onafhanklikheid wat die plan vir 'n nuwe vlag onder verdenking geplaas het. Daarbenewens het twee ander Engelstalige dagblaaie se kommentaar ook sterk daarop gedui dat Engelssprekendes die Regering se plan vir 'n nasionale vlag as 'n bedekte sesessie-truuk beskou het.[3]

Die Eerste Minister, generaal J.B.M. Hertzog, was in 1926 in hierdie opsig in 'n besonder moeilike posisie. Hoewel die Rykskonferensie van 1926 op sy aandrang 'n verklaring oor lede van die Britse Gemenebes se status uitgereik het,[4] het juis hierdie statusverklaring die Vlagwetsontwerp van 1926 onder skoot gebring. 'n Engelstalige blad het die mening gehuldig dat Hertzog sy ware oogmerke met die Vlagwetsontwerp, naamlik sesessie, in die Balfour-verklaring probeer verbloem het.[5] Hertzog het op sy beurt gesê dat 'n groot deel van die agitasie teen die Vlagwetsontwerp daarop ingestel was om Suid-Afrika se konstitusionele

---

1 H. Saker, ***The South African flag controversy, 1925-1928***, p.6.

2 H. Saker, ***The South African flag*** ..., p.24.

3 H. Saker, ***The South African flag*** ..., p.24.

4 Kyk hoofstuk 1, pp.33,34.

5 H. Saker, ***The South African flag*** ..., p.24.

onafhanklikheid te vernietig.[6] Hy was egter deur sy ooreenkoms met die Arbeiders in 1924 daartoe verbind om nie 'n beleid van sesessie te propageer nie.[7]

Hertzog het nie dieselfde sentiment teenoor 'n nasionale vlag, sonder die Union Jack, as Malan en 'n aantal Nasionaliste gekoester nie.[8] Die konstitusionele stryd was vir hom afgehandel. Hy het gevolglik nie die vlag as simbool van die Afrikaner se onafhanklikheidstrewe beskou nie. Hierdie botsende standpunte het die spanning in die NP verhoog.

Net soos die Union Jack vir Ryksgesindes sinoniem met Suid-Afrika se Britse konneksie was, was 'n enkele nasionale vlag sonder die Union Jack daarop vir Nasionaliste die sinnebeeld van Suid-Afrika se vryheid. Dagblaaie wat die Nasionaliste gesteun het, wou deurgaans lesers se aandag daarop gevestig het dat teëstanders van 'n skoon vlag Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status bedreig het.[9]

Nadat generaal Smuts, leier van die SAP, en Hertzog in Oktober 1927 ooreengekom het dat Suid-Afrika twee vlae sou hê, naamlik die Union Jack en die nasionale vlag wat die Union Jack ingesluit het, was die vlagstryd in die twintigerjare afgesluit.[10] Nasionaliste sou egter hul stryd teen die Vlagwet voortsit.

E.H. Louw, Suid-Afrika se gevolmagtigde minister in Washington (1929-1937), geswore Nasionalis en in noue kontak met Nasionaliste in Suid-Afrika, het kort na sy diensaanvaarding daarop gewys dat die Vlagwet praktiese probleme geskep het. Hy was van mening dat dié wet die indruk gewek het dat Suid-Afrika aan Brittanje onderhorig was. Daarbenewens wou dit voorkom of gesante van Suid-Afrika slegs verteenwoordigers van die Britse Ryk was.

Soos baie Nasionaliste het Louw nie genoeë geneem met die gedagte dat die nasionale vlag Suid-Afrika se Britse konneksie bevestig het nie. Hy wou aan die buitewêreld toon dat Suid-Afrika 'n soewerein onafhanklike land was. Louw het

---

6 H. Saker, ***The South African flag ...***, p.141.

7 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.453,454.

8 H. Saker, ***The South African flag ...***, p.42.

9 H. Saker, ***The South African flag ...***, pp.118,119.

10 H. Saker, ***The South African flag ...***, pp.225-242.

gevolglik geweier om die Union Jack voor die Suid-Afrikaanse ambassade in Washington te hys.

Teen die middel-dertigerjare het Eric Louw aan die diplomatieke gesantskap in Lissabon opdrag gegee om slegs die Unievlag tydens die nasionale feesdae van Suid-Afrika en Portugal te hys. Louw se optrede in verband met die nasionale vlag het hom in botsing met die Departement van Binnelandse Sake gebring. Die departement was van mening dat hy die Vlagwet geskend het. Hy het egter sy optrede verdedig deur op erkende diplomatieke en internasionale praktyke te wys.[11]

Die frustrasie by hom en onder sommige Nasionaliste was baie hoog. Saker beskryf hulle gevoel só: "Having set out to extrude the Union Jack from South Africa ... the government had ended by recognising it in full, and, instead of no Union Jack, they now had two."[12] Dié mate van erkenning van die land se verbintenis met Brittanje het 'n vernuwende uitwerking op Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gehad.

Hoewel nie so fel soos in die twintigerjare nie, het die vlagstryd tog in die dertigerjare voortgeduur. Pas nadat Hertzog tot koalisie met Smuts ingestem het, het hy in Maart 1933 op Smithfield die volgende gesê: "Die gesag en mag van die Unie bly gesimboliseer deur ons eie selfstandige nasionale vlag."[13] Dit was inderdaad een van die punte van die koalisie-ooreenkoms dat daar geensins bedoel is om afbreuk aan die bepalings van die Vlagwet te doen nie.[14]

Daar was tekens van ongelukkigheid met die toepassing van die Vlagwet nadat die New Guard in Maart 1933[15] en die Empire Group in Mei 1933 wysigings aan die Vlagwet wou aanbring.[16] Uit die 1933-jaarverslag van die Empire Group blyk duidelik dat die organisasie die Koalisieregering gewantrou het omdat die Union Jack, volgens hulle, in 'n minderwaardige posisie geplaas was. Die Empire Group

---

11 P.F. van der Schyff, ***Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek*** ..., p.324.

12 H. Saker, ***The South African flag*** ..., p.246.

13 ***Die Burger***, 6 Mrt. 1933: berig.

14 H.B. Thom, ***Dr. D.F. Malan en koalisie***, p.107.

15 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.509, {die New Guard was 'n Britse geheime organisasie wat in die Devolusie-beweging sy beslag gekry het}.

16 H. Saker, ***The South African flag*** ..., p.74, {die Empire Group is in 1926 gestig en het van die standpunt uitgegaan dat die nasionale vlag 'n Ryksvlag was waaroor die Unieparlement geen sê gehad het nie}.

was van mening dat die Unie, as lid van die Britse Gemenebes, verplig was om aan die Union Jack 'n hoër status te gee. Dit het vir hulle primêr om behoud van die Britse konneksie gegaan.[17]

Beide Hertzog en J.H. Hofmeyr, Minister van Binnelandse Sake, het die versoeke vir wysiging van die Vlagwet geweier. Hulle houding is te verstane. Die Koalisieregering was pas gevorm en niemand in die Koalisiekabinet, Hertzog allermins, wou die vlagstryd van die twintigerjare herleef nie.

Sou dit nie buitendien Suid-Afrika se Britse konneksie in gevaar gebring het nie? ***Die Burger*** het waarskynlik die standpunt in hul kommentaar op die Sewepunt-koalisieplan gehuldig. Volgens die koerant was die Regering se voorneme om nie aan die Vlagwet te verander nie, 'n waarborg aan Nasionaliste dat die nasionale vlag nie afgeskaf sou word nie. Dit was ook 'n versekering dat die Union Jack steeds oor Suid-Afrika sou wapper. ***Die Burger*** was oortuig dat die Ryksgesindes tereg die koalisie-ooreenkoms as 'n buffer teen ontvoogding van die Britse konneksie gesien het.[18]

Terwyl Louw in die middel-dertigerjare kennelik aangetoon het dat die nasionale vlag vir hom 'n simbool van Suid-Afrika se onafhanklike status was, het Heaton Nicholls, VP-LV vir Zoeloeland, verklaar dat die Union Jack vir hom 'n simbool van Ryksgesindheid was. Nicholls het in dieselfde asem sy toehoorders tot 'n bekering tot Ryksgesindheid opgeroep.[19]

Ses maande later het senator W.A. Hofmeyr daarop gewys dat Britse Ryksgesindheid gevaarlik was aangesien hulle ook van Afrikaners Ryksgesindes wou maak. Afrikaners moes dieselfde sentiment vir die Britse konneksie, naamlik vlag, taal en sedes openbaar.[20]

Vir sommige Nasionaliste was daar beslis nie ruimte vir twee vlae in hulle vryheidsfilosofie nie. Daarvan het veral Malan bewys gelewer. Hy het op 1 Junie 1935 in Bloemfontein onomwonde verklaar dat die land nie twee vlae kon gebruik

---

17 ***Die Burger***, 22 Jan. 1934: berig; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.290.

18 ***Die Burger***, 14 Des. 1933: hoofartikel.

19 ***Cape Times***, 6 Mar. 1935: report.

20 ***Die Burger***, 28 Sep. 1935: berig.

nie. Hy het bygevoeg dat daar in die toekoms nog 'n taak was om vryheid in sy volle betekenis te verkry.[21]

Malan het hiermee Nasionaliste se beskouing oor simbole, soos die vlag, en hul verband met die Britse konneksie, goed saamgevat. Meer nog, Smuts se reaksie het 'n wesentlike verskil in die vryheidsbeskouing van die NP en die VP blootgelê. Smuts het op 11 Junie 1935 in Greylingstad gesê dat mense soos Malan en sy volgelinge nie kon begryp dat Suid-Afrika dinge soos status en vryheid reeds eens en vir altyd verkry het nie. Smuts het dit só opgesom: "There were many forms of freedom, but none were freer as ours today. You cannot have more than 100 per cent and we have the 100 per cent."[22]

Die VP was van mening dat Suid-Afrika reeds volle wasdom met betrekking tot sy onafhanklikheidstatus bereik het. Die NP daarenteen was egter bekommerd dat die wetlike status van en die verkryging van nasionale simbole vir Suid-Afrika nog verreweg nie in die praktyk gerealiseer het nie. Hulle was dus, anders as die VP, toekomsgerig in hul onafhanklikheidsfilosofie.

Hierdie bekommernis van die NP oor Suid-Afrika se onvoltooide vryheid spreek duidelik uit Malan se openingsrede tydens die NP-kongres in Kaapland op 30 September 1936. Malan was bekommerd oor die posisie van die Unievlag as nasionale vlag. Hy het daarop gewys dat Suid-Afrika se politieke teëstanders besig was om die Union Jack tot 'n tweede nasionale vlag van Suid-Afrika te verhef. Hy het onder andere na die Goewerneur-generaal se spesiale toekenning aan 'n diensbataljon verwys, waartydens die Union Jack gebruik is.[23]

Malan se vrese wat hy op die NP-kongres in Worcester uitgespreek het, het geblyk nie ongegrond te wees nie. Tydens die Parlementsitting van April 1937 het Hertzog sy tevredenheid met twee vlae só uitgedruk: "... ons het ons nasionale vlag en die Union Jack wapper ook as 'n nasionale vlag en as 'n simbool".[24] Daar sou egter nog baie jare verloop voordat die saak in 1957 opgelos is.

---

21 *The Star*, 1 Jun. 1935: report.

22 *The Star*, 11 Jun. 1935: report.

23 *Die Burger*, 1 Okt. 1936: berig.

24 Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 5 Apr. 1937, kol. 4309.

### 8.2.2 *SAMEVATTING*

Hierdie opmerkings van Hertzog en Malan dui daarop dat hulle die begrip "nasionaal" nie dieselfde geïnterpreteer het nie. Malan se opvatting daaroor, wat ook as die algemeen gangbare siening onder Nasionaliste beskou kon word, was dat dit 'n enkelvoudige saak geïmpliseer het. Hertzog se siening van "nasionaal" was 'n meervoudige, meer gekompliseerde begrip. Sy opvatting het gespruit uit sy filosofie dat beide Afrikaans- en Engelssprekendes se belange deur simbole gereflekteer moes word.

In die dertigerjare het Nasionaliste se strewe na 'n enkele nasionale vlag geen merkbare verandering aan Suid-Afrika se Britse konneksie meegebring nie. Die vraagstuk oor 'n nasionale volkslied wat in die volgende afdeling behandel word, het in die dertigerjare veel meer politieke aktiwiteit ontlok as wat die geval met die vlag was.

## 8.3 DIE VOLKSLIED

Hierdie afdeling handel oor die rol wat die volksliedvraagstuk in Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gespeel het.

### 8.3.1 *DIE VOLKSLIEDVRAAGSTUK*

In 1910 was die Britse volkslied, God Save The King, goed in Suid-Afrika bekend. Die speel van dié lied het Suid-Afrika se posisie as 'n Britse dominium gesimboliseer.[25] Sedert Die Stem van Suid-Afrika op 31 Mei 1918 gepubliseer is, het daar baie stemme begin opgaan om dit as Suid-Afrika se volkslied verklaar te kry. Die versugting sou egter tot 1928 onbeantwoord bly.

Tydens die bespreking van die Vlagwetsontwerp in 1926 het die gedagte aan 'n eie nasionale volkslied ook na vore getree.[26] Van der Merwe was een van die eerste persone wat die behoefte aan 'n amptelik erkende volkslied aangevoel het. Hy het vroeg in April 1928 aan 'n Kaapse dagblad geskryf en voorgestel dat 'n volkslied op 31 Mei 1928, met die ingebruikneming van die nuwe vlag, gesing moes word om meer luister aan die geleentheid te verleen. Hy het aan die hand gedoen dat Die Stem van Suid-Afrika, of 'n ander geskikte lied, deur Suid-Afrikaners gesing en as

---

25 J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan*** ..., p.204.

26 J.L. Basson, ***J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan*** ..., p.204.

volkslied aanvaar moes word.[27] Die gevoel onder SAP-lede vir 'n eie volkslied in die plek van God Save The King was sodanig dat 'n beskrywingspunt daaromtrent by die SAP-kongres op 4 Desember 1929 op De Aar ingedien is. Daarin is die Regering versoek om aandag te gee aan 'n eie nasionale volkslied wat vir die ganse volk aanvaarbaar sou wees. Nieteenstaande 'n sterk Britse sentiment vir God Save The King binne die SAP het leiers van dié party hul sterk ten gunste van 'n nasionale volkslied uitgespreek.[28]

Malan het die versoek van die SAP-kongres om 'n eie nasionale volkslied, asook 'n soortgelyke versoek van senator F.S. Malan, geweier. Hy het gesê wetgewing kon nie die kwessie van 'n eie volkslied oplos nie. Die saak moes eers in die volkshart gevestig word.[29] Dit was vir hom belangrik dat die Regering nie die inisiatief neem nie. Suid-Afrikaners moes uit 'n aantal geskikte volksliedere 'n lied kies wat die beste weerspieëling van die volksgevoel was.[30]

Hierdie optrede van Malan toon 'n opvallende ooreenkoms met die houding wat Hertzog ingeneem het teenoor die versoek dat 'n Suid-Afrikaansgebore burger die pos van Goewerneur-generaal in Suid-Afrika moes beklee.

In die lig van die voorafgaande gebeure kan Malan se optrede as vreemd bestempel word. Hy was waarskynlik uiters versigtig om handelend op te tree. Die teenstand teen sy hantering van die nasionale vlag was moontlik nog vars in sy geheue.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), onder leiding van Van der Merwe, het Die Stem as 'n eie nasionale volkslied ook sterk bevorder. In Maart 1931 het hulle die Hoofbesture van bioskope en teaters gevra om nie meer God Save The King aan die einde van hul vertonings te speel nie.[31]

Malan het in Mei 1932 sy standpunt van vroeër herhaal.[32] Die gedagte dat Die Stem as 'n eie nasionale volkslied erken moes word, het 'n sterk hupstoot ontvang

---

27 G.D. Scholtz, ***Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe*** ..., p.130.

28 J.H. le Roux (reds.), ***Generaal J.B.M. Hertzog*** ..., p.336.

29 J.H. le Roux (reds.), ***Generaal J.B.M. Hertzog*** ..., p.337; vgl. Anon., "The national anthem", ***The Round Table***, vol. 28, no. 112, Sep. 1938, p.848.

30 G.D. Scholtz, ***Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe*** ..., p.130.

31 J.H. le Roux (reds.), ***Generaal J.B.M. Hertzog*** ..., p.337.

32 J.H. le Roux (reds.), ***Generaal J.B.M. Hertzog*** ..., p.338.

toe die Kaaplandse NP op sy jaarlikse kongres in Oktober 1932 versoek het dat dit as die volkslied van die Unie aanvaar moes word.[33]

Die FAK het ook die samewerking van Engelse organisasies gehad om 'n nasionale volkslied in die lewe te roep. Saam met die Sons of England, Caledonian Societies en die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) het die FAK 'n plan uitgewerk om die volksliedkwessie vir 'n aantal jare uit die politieke arena te hou. Hulle het aan Suid-Afrikaners 'n geleentheid gebied om aan 'n wedstryd vir komposisies vir 'n nuwe volkslied deel te neem.[34]

Vir Van der Merwe was daar 'n duidelike verband tussen Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status en 'n volkslied. Hy het op 23 Februarie 1934 in Tuine, Kaapstad, gesê dat indien Engelse die Britse volkslied wou sing, die Afrikaners hulle dit nie sou verkwalik nie. Hy het dit egter as 'n verskriklike ongerymdheid beskou om God Save The King in die kele van Afrikaners af te druk, so asof dit hulle volkslied was.[35]

In Maart 1935 het die NP sy standpunt in die Parlement duidelik gestel. Van der Merwe het gevoel dat Suid-Afrika se status 'n eie nasionale lied geregverdig het. Hy het dit só gestel: "My hele pleidooi is daarop gegrond dat, met die oog op ons status, dit nie reg is dat die stempel van 'n vroeër tydperk nog altyd op die Afrikaanse volk moet afgedruk word nie."[36]

Die gebruik om God Save The King by die verskyning van die Goewerneur-generaal te speel, was volgens Van der Merwe nie in ooreenstemming met Suid-Afrika se ware konstitusionele posisie nie. Aangesien die Goewerneur-generaal die Koning van Suid-Afrika verteenwoordig het, was dit volgens Van der Merwe ongehoord om 'n volkslied van 'n ander land by sy verskyning te speel.[37]

J.D.H. Verster, NP-LV vir Zwartruggens, het Van der Merwe ondersteun. Volgens Verster wou Afrikaanssprekende bioskoopgangers graag 'n nasionale volkslied hoor. Hy het daarop gewys dat Kanada eers hul volkslied speel en daarna God Save The

33 *Die Burger*, 11 Okt. 1932: berig.

34 J.H. le Roux (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog ...*, p.338.

35 *Die Burger*, 23 Feb. 1934: berig.

36 Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 6 Mrt. 1935, kol. 2772.

37 Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 6 Mrt. 1935, kol. 2727.

King. Aangesien Suid-Afrika 'n vry volk is, behoort God Save The King, soos in Kanada, eers na die volkslied gespeel te word.[38]

'n Nasionale volkslied moes volgens Nasionaliste dus hul weergawe van Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status weerspieël. Die speel van God Save The King, wat die Britse konneksie gesimboliseer het, was geensins te versoen met hul strewe dat Suid-Afrika van sy Britse konneksie moes loskom nie.

W.B. Madeley, AP-LV vir Benoni, het in 'n sekere sin aansluiting gevind by die NP. Hy was van mening dat die sing van God Save The King Suid-Afrika se Britse konneksie in die openbare mening vasgelê het. Hy het ook geglo dat dit grotendeels die bedoeling daarvan was. Dit wek dus 'n ander indruk as dat Suid-Afrika 'n onafhanklike staat was, aldus Madeley.[39] Dit was juis hierdie indruk waaroor die NP beswaard was.

N.C. Havenga, Minister van Finansies en VP-LV vir Fauresmith, was egter van mening dat die speel van die Britse volkslied tydens die Goewerneur-generaal se verskyning niks met Suid-Afrika se status te make gehad het nie.[40] Só het Hertzog ook die sing van die Britse volkslied by die aankoms van die Goewerneur-generaal bloot as 'n eerbetoon aan 'n hoë amp beskou.[41]

In 1935 het daar twee beskouings oor dié verband tussen Suid-Afrika se konstitusionele status en die sing van God Save The King na vore getree. Die sienswyse van die VP, soos deur Hertzog en Havenga uitgespreek, was dat daar nie 'n verband bestaan het nie, terwyl lede van ander partye, soos Van der Merwe en Madeley, die teenoorgestelde sienswyse gehuldig het.

Die beskouing van die VP, en by name dié van Hertzog, moet teen die agtergrond van Hertzog se opvatting oor Suid-Afrika se konstitusionele posisie teen die middeldertigerjare gelees word. Suid-Afrika het, volgens Hertzog, sy soewereine onafhanklike status reeds ontvang en die sing van die Britse volkslied het dit

---

38 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 6 Mrt. 1935, kol. 2720,2721.

39 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2774.

40 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 6 Mrt. 1935, kol. 2774.

41 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2773.

geensins aangetas nie. Dit sou dwaas gewees het om pas na die stigting van die VP 'n wig tussen Afrikaans- en Engelssprekende in te dryf.

Die NP sou steeds sorg dat die volksliedkwessie brandend gehou word. Die NP se Distriksbestuur het op 5 Augustus 1935 in Molteno tydens 'n openbare vergadering die Regering versoek om die sing van God Save The King by vermaaklikheidsplekke te verbied. Hierdie vergadering het gevoel dat God Save The King nie langer geduld moes word nie, aangesien dit nie die Unie se volkslied was nie.[42]

Hierbenewens het Malan tydens die Kaaplandse NP-kongres op 30 September 1936 op die afskeepgebruik van Die Stem gewys. Hy het verwys na 'n optrede van die Goewerneur-generaal waar die Britse volkslied drie keer gespeel is, terwyl Die Stem glad nie gespeel is nie.[43]

F.C. Erasmus, Sekretaris van die NP in Kaapland, het tydens die 1937-Parlementsitting sy leier se beswaar oor God Save The King herhaal. Volgens Erasmus was die gebruik om tydens die Parlementsopening slegs die Britse volkslied te speel, verkeerd. Hy het gesê dat daar nooit enige volkslied gespeel is wat Suid-Afrikaners daaraan herinner het dat hulle in Suid-Afrika was nie.[44]

Gedurende die Voortrekkereeufeesjaar, 1938, het Afrikaner-nasionalisme op 'n ongekende skaal herontwaak. Hertzog het tot die besef gekom dat erkenning aan Afrikanersentiment vir 'n nasionale volkslied gegee moes word. Anders as voorheen het hy beide God Save The King en Die Stem tydens die openingseremonie van die Parlementsitting laat speel. Hierdie besluit van Hertzog was 'n verrassing, aangesien hy die vorige jaar nog minagtend na Die Stem verwys het.[45]

Hierdie erkenning wat Die Stem in 1938 van Hertzog ontvang het, het dié lied op gelyke voet met God Save The King geplaas. Dit was, hoewel nie-amptelik,

---

42 ***Die Burger***, 6 Aug. 1935: berig.

43 ***Die Burger***, 1 Okt. 1936: berig.

44 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.472.

45 Anon., "The national anthem", ..., p.848; vgl. K. Ingham, ***Jan Christiaan Smuts: the conscience of a South African***, p.201; A.P.J. van Rensburg, "Die simboliese ossewatrek van 1938", ***Historia***, jg. 17, no. 1, Mrt. 1972, pp.22,23,32 e.vv.

inderdaad 'n beter weerspieëling van Suid-Afrika se status as soewereine onafhanklike land.

Hierdie gelykstelling van Die Stem aan God Save The King kon die Ryksgesindes nie gedoog nie. C.F. Stallard, leier van die Dominiumparty, wou op 18 Februarie in die Volksraad van Hertzog weet of hy met die speel van Die Stem bedoel het om dié lied as die volkslied van Suid-Afrika te erken, en of hy God Save The King as volkslied deur Die Stem wou laat vervang.[46]

Hertzog het daarop gewys dat Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, anders as Engelssprekendes, nooit God Save The King as hul volkslied beskou het nie. Dit is altyd as 'n smeekbede aan die Almagtige om beskerming van die Koning beskou. Hertzog wou egter nie God Save The King deur Die Stem laat vervang nie. Hy het daarop gewys dat die speel van Die Stem slegs 'n tegemoetkoming aan Afrikaners was dat dit as hul volkslied aanvaar is. Hierbenewens was Die Stem van Suid-Afrika egter 'n eg Suid-Afrikaanse volkslied wat reeds jare in die volkshart erkenning geniet het. Hy het ook laat blyk dat Die Stem dalk eendag die volkslied kon word. Gesien in die lig daarvan, was dit vir Hertzog gewens om beide liedere te laat speel. Hy het die hoop uitgespreek dat Engelssprekendes ook in die toekoms Die Stem as hul volkslied sou aanvaar. Hy het verder beklemtoon dat Suid-Afrika geen wetlike of amptelik erkende volkslied besit het nie.[47] Dit moes 'n groot skok vir Ryksgesindes gewees het om te hoor dat God Save The King nie 'n volkslied nie, maar slegs 'n gebed was.

Smuts was van mening dat Hertzog se opmerking aangaande God Save The King onnodig was. Hy het daaraan toegevoeg: "... thereafter the fat was in the fire. The English towns resent this heresy and are fuming with rage".[48] Die toestand was so gespanne in Regeringskringe dat gerugte oor Kabinetbedankings die rondte gedoen het. Onder leiding van Leslie Blackwell, VP-LV vir Kensington, het 'n aantal ontevrede Engelssprekende VP-lede Hertzog besoek. Hertzog het onder die indruk verkeer dat hulle hom wou gelukwens met sy standpunt aangaande God Save The King. Blackwell het hom egter ingelig dat Engelssprekendes erg geskok was deur

46 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 18 Feb. 1938, kol. 305-308; vgl. Anon., "The national anthem", ..., p.848.

47 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 18 Feb. 1938, kol. 303-306; vgl. P.W. Coetzer & J.H. le Roux (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 4 ..., p.215.

48 Central Archive Depot (CAD), Pretoria, J.C. Smuts collection, A 1, file 243, vol. 7, no. 1061: letter to M.C. Gillett, 25 Feb. 1938.

sy optrede. Na hul mening sou Hertzog se uitsprake oor God Save The King, beslis veroorsaak dat die VP talle Engelssprekende stemme tydens die volgende algemene verkiesing verloor. Die afvaardiging het aan Hertzog verduidelik dat hulle God Save The King as die volkslied van Suid-Afrika beskou het.

Hertzog het van die siening verskil, maar tog duidelik uitgespel dat Die Stem bloot aanvullend tot God Save The King gebruik moes word. Dit het hulle grotendeels tevrede gestel. Aan Hertzog is die versekering gegee dat hulle geen beswaar sou hê as Die Stem as tweede volkslied gelyke status met God Save The King sou verkry nie.[49]

Smuts was só ontstel deur Hertzog se optrede dat hy onmiddellik na Hertzog se verklaring uit die Parlement gestap het. Een van J.H. Hofmeyr, Minister van Volkswelsyn, Onderwys en Mynwese, se biograwe, Alan Paton, vertel dat Blackwell vir Smuts daarna wit van woede gesien het. Smuts wou nie op aandrang van Blackwell inwillig om hom na Hertzog te vergesel nie.[50] Hy het aan Blackwell verduidelik dat sy verhouding met Hertzog te delikaat was en dat hy eerder onbetrokke wou bly.

Dit ly geen twyfel dat Smuts homself in 'n baie moeilike situasie bevind het nie. Hy het hom só oor hierdie gebeure uitgelaat: "What can you do with such leadership? And the fun of the thing is that as my mouth is shut, the English say I am letting them down and am just as bad, and suspicions turn from Hertzog to me. Of course, I have to sit tight and save the word in national upbuilding for which I have been mainly responsible these five years. I could not possibly, because of Hertzog's gaucherie, destroy the United Party and my own laborious and successful achievement. One can but fume with rage internally but to the world present a bold and cheerful front. But it is more than hard."[51]

Nadat die VP-Volksraadslede by Hertzog was, het Smuts hom tog besoek en oor die onrustigheid in Engelse geledere ingelig. Hertzog het Smuts op sy gemak gestel en

---

49 G.D. Scholtz, ***Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe ...***, p.318; L. Blackwell, ***Farewell to parliament: more reminiscences of bench, bar, parliament and travel***, pp.7-9.

50 A. Paton, ***Hofmeyr***, p.217.

51 CAD, Pretoria, J.C. Smuts collection, A 1, file 243, vol. 7, no. 1061: letter of Smuts to Gillett, 25 Feb. 1938.

hom verseker dat diegene wat hom kom spreek het, tevrede was met sy verduideliking.[52]

Hertzog het dit nodig gevind om in 'n persverklaring op 22 Februarie 1938 sy antwoord aan Stallard verder toe te lig. God Save The King sou nie deur Die Stem vervang word nie. Laasgenoemde sou slegs dien om die Britse volkslied tydens amptelike geleenthede aan te vul.[53] Hy het op 8 April 1938 in Zastron nog eens 'n verklaring oor Die Stem en God Save The King uitgereik. Hy het daarop gewys dat hy bewus was dat 'n deel van die Engelssprekendes God Save The King as hul volkslied beskou het.[54]

Hierdie verklaring het natuurlik uit die standpuntinname van Hofmeyr en ander VP-lede tydens hul besoek aan Hertzog gespruit.

Hertzog se standpunt oor die posisie van Die Stem het ook 'n negatiewe reaksie onder Nasionaliste ontlok. Van der Merwe het Hertzog se verklaring oor Die Stem as 'n dubbele teleurstelling ervaar. Eerstens het hy die goeie werk van die FAK om 'n gemeenskaplike volkslied deur Suid-Afrikaners aanvaar te kry, ongedaan gemaak. Tweedens was hy teleurgesteld dat die Regering Engelssprekendes in Suid-Afrika toegelaat het om 'n vreemde volkslied as hul eie te beskou.[55] Daarbenewens het Malan gesê dat Hertzog Die Stem van Suid-Afrika verneder het tot 'n seksionele lied en selfs Die Stem as 'n aanvulling van God Save The King beskou het.[56] ***Die Burger*** het verklaar dat Ryksgesindes bewys het dat dit hulle is, en nie die Eerste Minister nie, wat die Smeltersparty lei.[57]

Smuts was bekommerd oor die uitwerking wat Hertzog se optrede met betrekking tot God Save The King op Engelssprekende kiesers sou hê. Hy het hom so daaroor uitgelaat: "I won't say this will cost us the election but it will lose us tens of

---

52 O. Pirow, ***James Barry Munnik Hertzog***, p.203.

53 ***Rand Daily Mail***, 2 Feb. 1938: editorial.

54 ***Die Vaderland***, 9 Apr. 1938: berig.

55 G.D. Scholtz, ***Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe*** ..., pp.318,319.

56 P.W. Coetzer & J.H. le Roux (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 4 ..., p.215.

57 ***Die Burger***, 22 Feb. 1938: hoofartikel.

thousands of votes and immensely help the Dominion Party in the voting ...."[58] Smuts het ook daarop gewys dat wantroue in hom die Regering se kanse in die komende verkiesing erg sou benadeel.[59]

Aangesien die Regering besef het dat die ongelukkigheid onder Engelssprekendes hul kanse op sukses in die algemene verkiesing kon benadeel, het hulle nie stilgesit nie. Hertzog, Smuts en Hofmeyr het alles in die stryd gewerp om kwade gevoelens oor God Save The King te besweer.

Gedurende sy verkiesingsveldtog het Hertzog dit herhaaldelik beklemtoon dat daar geen sprake was dat Die Stem God Save The King sou vervang nie. Eersgenoemde sou slegs as aanvulling tot God Save The King gebruik word.[60] Hofmeyr het op 4 Maart 1938 in Kaapstad sy toehoorders verseker dat God Save The King nie deur Die Stem vervang sou word nie, aangesien eersgenoemde die sentiment teenoor die Britse Koning weerspieël het.[61]

Smuts was veral daarop uit om Engelssprekendes gerus te stel. Hy het hulle op verskeie vergaderings verseker dat "God Save The King will remain the National Anthem for ever."[62]

R. Stuttaford, Minister van Binnelandse Sake en groot kampvegter vir die behoud van die Britse konneksie, het Smuts se woorde in die kiesafdeling Claremont laat weerklank vind. Hy het die aantyging van die Dominiumparty, dat die VP vinnig besig was om pro-republiekgesind te word, ten sterkste ontken. Volgens Stuttaford was daar " ... no intention whatever of South Africans in any way derogating from their position as members of the British Empire ...".[63]

---

58 CAD, Pretoria, J.C. Smuts collection, A 1, file 243, vol. 7, no. 1061: letter of Smuts to Gillett, 25 Feb. 1938.

59 CAD, Pretoria, J.C. Smuts collection, A 1, file 243, vol. 7, no. 1061: letter of Smuts to Gillett, 25 Feb. 1938.

60 Anon., "The national anthem", ..., p.850.

61 ***Die Vaderland***, 7 Mrt. 1938: berig.

62 ***Die Vaderland***, 7 Mrt. 1938: berig; ***Die Vaderland***, 10 Mei 1938: berig..

63 G.C. Cuthbertson, "Richard Stuttaford and the Anthem question of 1938", ***Historia***, vol. 24, no. 2, Sep. 1979, pp.76,77.

Die VP het die verkiesing wat op 18 Mei 1938 plaasgevind het, met 'n groot meerderheid gewen.[64] Dit het ***The Round Table*** tot die gevolgtrekking laat kom dat die meerderheid Engelssprekende kiesers die versekerings aanvaar het aangaande God Save The King en dat die lied steeds simbool sou wees van "the nation's loyalty to its King."[65]

Die feit dat die Dominiumparty die kiesafdeling Durban van die VP verower het, is volgens Alan Paton, biograaf van Hofmeyr, aan die negatiewe reaksie op Hertzog se uitlatings oor God Save The King toe te skryf.[66] Vir die tweede keer binne enkele maande het die volksliedvraagstuk 'n storm laat losbars toe daar pas na afloop van die 1938-verkiesing op Uniedag tydens sekere militêre parades slegs Die Stem gespeel is.

Engelssprekendes dwarsoor Suid-Afrika het verdwaas gestaan: "the Prime Minister and his Minister of Defense had seemingly insulted them as a body by playing 'Die Stem' and omitting 'The King'. Telegrams of expostulation from many of the newly elected M.P.'s began to pour in to the two Ministers concerned, and it was obvious that a fresh Cabinet crisis was brewing."[67] Stuttaford het sy bedanking ingedien. O. Pirow, Minister van Spoorweë en Hawens, het volle verantwoordelikheid vir die Uniedagverrigtinge op homself geneem. Hy het erken dat hy, na konsultasie met Hertzog, beveel het dat Die Stem as 'n stadige mars gespeel moes word tydens alle Uniedagparades.[68]

Hoewel sekere regulasies bepaal het dat God Save The King nie tydens militêre parades in die afwesigheid van die Koning of sy verteenwoordigers gespeel mag word nie, was Engelssprekendes ongelukkig omdat Die Stem vir die eerste keer alleen gespeel was. Besware vanuit VP-geledere, van Parlementslede sowel as ondersteuners, het teen Hertzog en Pirow ingestroom.[69]

---

64 B.M. Schoeman, ***Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika*** ..., p.210.

65 Anon., "The national anthem", ..., p.851.

66 A. Paton, ***Hofmeyr***, p.219.

67 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., p.20.

68 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., p.20.

69 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., p.21.

Intussen het perskommentaar op die Uniedaggebeure nie uitgebly nie. Volgens ***Die Vaderland***, spreekbuis van die VP, was die gebeure tydens die militêre parade in ooreenstemming met Hertzog se verklaarde beleid.[70] Hierdie verklaring van die Regeringspers het geensins die Engelssprekendes wat God Save The King as volkslied wou hê, bevredig nie. Inteendeel, ***The Round Table*** het dit só beskryf: "The shock to British sentiment in South Africa was profound."[71]

Die ***Cape Times*** het die Uniedaggebeure beskryf as 'n "... dangerous disregard of the views of an enormous section of the general public".[72] Engelssprekendes het hul besware in die vorm van 'n petisie aan die Regering laat beslag kry. Dit het so gelui: "Ons, die ondergetekende Britse onderdane en Unieburgers woonagtig in die Kaapse Skiereiland, het met diepe verontrusting kennis geneem van die nalating om die Union Jack te hys en die National Anthem 'God Save The King' te sing by geleentheid van die militêre parades op Uniedag in Kaapstad en in ander plekke in die Unie, gedurende die viering van Uniedag op 31 Mei 1938."[73]

Die ondertekenaars van die petisie het vir wetgewing gevra sodat beide Afrikaanse en Engelse liedere by alle gepaste geleenthede met gelyke eer gespeel sou word.[74]

***Die Burger*** het gemeen dat ongelukkigheid onder Engelssprekendes die resultaat was van die Smelter-tweeslagtigheid oor die volkslied. Aangesien God Save The King 'n Britse volkslied was, moes Pirow nie toegelaat het dat dit die status van Suid-Afrika se nasionale volkslied verwerf het nie.[75]

Nadat baie van die besware teen Hertzog en Pirow se optrede aanvanklik deur Hertzog geïgnoreer is, het die Kabinet uiteindelik op 2 Junie 'n verklaring uitgereik waarin Hertzog se verklaring van 18 Februarie bevestig is. God Save The King sou slegs gespeel word waar die Koning of Goewerneur-generaal as sy verteenwoordiger teenwoordig is. Die Regering het besluit om tot tyd en wyl 'n

---

70 ***Die Vaderland***, 3 Jun. 1938: hoofartikel; vgl. ***Die Vaderland***, 6 Jun. 1938: hoofartikel.

71 Anon., "The national anthem", ..., p.851.

72 ***Cape Times***, 1 Jun. 1938: editorial.

73 Carnegie-biblioteek, US, D.F. Malan-versameling, lêer F1/1/1269: die Unie van Suid-Afrika, petisie, s.j.

74 Carnegie-biblioteek, US, D.F. Malan-versameling, lêer F1/1/1269: die Unie van Suid-Afrika, petisie, s.j.

75 ***Die Burger***, 2 Jun. 1938: hoofartikel.

geskikte volkslied gevind is, by alle amptelike geleenthede beide Die Stem en God Save The King te speel.[76]

Hierdie verklaring het daartoe aanleiding gegee dat Stuttaford sy bedanking teruggetrek het. Dit het vir Hertzog in 'n ongemaklike posisie geplaas aangesien hy toe reeds 'n Kapenaar, Harry Lawrence, in sy plek aangestel het.[77]

Ondanks Stuttaford se terugkeer na die Kabinet was die krisis nog lank nie oor nie. Op 13 Junie het die VP se Hoofbestuur vergader om die uitwerking van die Uniedaggebeure te bespreek. Dit was duidelik dat beide Afrikaanssprekende oud-NP-lede en hul Engelssprekende partygenote ewe ontsteld oor die kortsigtige Uniedagreëlings was.[78]

Leslie Blackwell, VP-LV vir Kensington, het tydens die vergadering 'n voorstel ingedien wat daarop gemik was om skeuring in die VP te verhoed. Die Uniedaggebeure is sterk in die mosie veroordeel en die daaruit voortspruitende twis moes ter wille van die ideale van die VP besweer word.[79]

Enkele dae voordat die Parlement op 22 Julie sou open, het gesprekke tussen Blackwell, Smuts, Hofmeyr en F.C. Sturrock, Minister sonder Portefeulje, daarop gedui dat die gespanne verhoudinge tussen oud-NP's en oud-SAP's breekpunt bereik het. Om die toestand verder te vererger, het Hertzog op 25 Julie met die VP se eerste vergadering van nuutverkose Parlementslede 'n onversetlike houding oor die volksliedkwessie ingeneem. Hy het Engelssprekende lede en by name beswaardes van die Kaapse Skiereiland oor die kole gehaal oor hul houding met betrekking tot die Uniedaggebeure.[80]

Blackwell het Hertzog skerp teëgegaan. Hy het gesê die land wag steeds op 'n verklaring vir die optrede van die Eerste Minister op Uniedag. Hy was geensins

76 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., p.21.

77 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., p.22.

78 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., pp.23,24.

79 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., p.24.

80 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., pp.24,25.

bereid om Hertzog se verklaring dat God Save The King nie die amptelike volkslied van die Unie was, te aanvaar nie.[81]

Intussen het 'n lang debat oor die volksliedkwessie gedurende Julie en Augustus 1938 in die Parlement gewoed. Malan het voorgestel dat Suid-Afrika een enkele Suid-Afrikaanse en amptelik erkende volkslied moes kry. Hy het Hertzog se standpunt dat God Save The King 'n gebed was, gekritiseer. Malan wou weet hoekom Suid-Afrika vir sy Koning deur middel van 'n ander land se volkslied moes bid. Volgens hom het Hertzog Die Stem, wat 'n nasionale karakter moes dra, as volkslied prysgegee en tot 'n seksionele lied van die Afrikaner verlaag. Hy was ook van mening dat die Regering 'n bespotting van die volkslied gemaak het en dat die eer van Suid-Afrika as 'n selfstandige en onafhanklike land daardeur aangetas is.[82]

Hertzog het 'n amendement op die mosie van Malan ingedien waarin hy versoek het dat goedkeuring aan die Regering se verklaring van 2 Junie gegee moes word. Sy mening was dat Afrikaans- en Engelssprekendes eers konsensus oor 'n nasionale volkslied moes bereik. Intussen moes die twee liedere as gelykes behandel word.[83]

Op 29 Julie het Blackwell sy standpunt in die Parlement oor God Save The King herhaal.[84] J.S. Marwick, Dominiumparty-lid vir Illovo, het ook 'n amendement voorgestel waarin hy gevra het dat God Save The King as die amptelike volkslied van die Unie erken word. Volgens Marwick het Artikel 116 van die Suid-Afrikaanse Verdedigingswet van 1912 reeds dié status aan God Save The King verleen.[85]

Terwyl Nasionaliste wye steun en onderskraging aan Malan gegee het, het lede van die Verenigde en Dominiumparty 'n lae profiel gehandhaaf. Benewens die kritiek wat J.G. Strijdom, leier van die NP in Transvaal, teenoor die VP se volksliedbeleid uitgespreek het, het Nasionaliste in hul argumentering klem op die verband tussen 'n nasionale volkslied en die vryheidstrewe van die Afrikaner gelê.

Strydom het die Regering gekritiseer omdat God Save The King soos 'n volkslied in Suid-Afrika hanteer is, terwyl Hertzog dit benadruk het dat die Unie geen amptelike

81 L. Blackwell, ***Farewell to parliament*** ..., pp.25,26.

82 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 26 Jul. 1938, kol. 88-110.

83 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 26 Jul. 1938, kol. 111.

84 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 29 Jul. 1938, kol. 357-368.

85 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 26 Jul. 1938, kol. 112.

volkslied gehad het nie. Strydom was ook van mening dat Suid-Afrika nooit sy eie volkslied sou kry solank as die Regering sy Britse konneksie handhaaf nie.[86]

Dit was veral W.A. Booysen, NP-LV vir Namakwaland, P.J. van Nierop, NP-LV vir Mosselbaai, S.P. Warren, NP-LV vir Swellendam, S.P. le Roux, NP-LV vir Oudtshoorn en J.J. Haywood, NP-LV vir Bloemfontein-Suid, wat Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie aan 'n nasionale volkslied gekoppel het.

Booysen het gevra waarom die Koning van Engeland in Suid-Afrika vereer word. Hy het God Save The King beskou as "'n lied wat ons verneder in ons nasionale staat" en het gesê "ons wil ons eie simbool van vryheid hê."[87] Van Nierop het met dié woorde by Booysen aangesluit: "As 'n vrye land moet ons 'n volkslied hê ... Diegene wat glo dat ons vry is, behoort saam te staan vir een volkslied vir Suid-Afrika."[88]

Warren het gesê as 'n land se inwoners aan sy onafhanklike status glo, dan moet die land 'n eie volkslied kry.[89] Vir Le Roux het Hertzog se voorstel oor die volksliedkwessie beteken dat Suid-Afrika die "vernederende skouspel moes openbaar, dat ons altyd Engeland nodig het om naas ons te staan."[90]

Haywood het daarop gewys dat die Regering nie sy vryheid uitgeleef het nie, terwyl die NP dit wou doen.[91] Malan het in sy repliek op die volkslieddebat opgemerk "om beide 'God Save The King' en Die Stem te gebruik, is 'n hopelose en gevaarlike poging om imperialisme met nasionalisme te kombineer".[92] Hiermee het Malan sy vinger op Nasionaliste se primêre beswaar teen samesmelting, die VP en die Britse konneksie, gelê.

---

86 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 12 Aug. 1938, kol. 930-932.

87 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Aug. 1938, kol. 1524.

88 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Aug. 1938, kol. 1539.

89 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Aug. 1938, kol. 1559.

90 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Aug. 1938, kol. 1566.

91 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Aug. 1938, kol. 1573.

92 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Aug. 1938, kol. 1643.

Die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 in Pretoria sou met die speel van God Save The King gepaard gaan.[93] Enkele weke voordat hierdie gerugte opslae gemaak het, het die Nasionale Kultuurraad op sy vergadering op 1 Julie 1938 in Bloemfontein, 'n besluit in die verband geneem. Dit was naamlik dat "... die speel van die volkslied van Engeland by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument groot ontevredenheid sal veroorsaak en dat dit vir die welslae van die fees uiters wenslik is om gemelde volkslied agterweë te laat".[94]

***Die Burger*** het die volgende mening gelug: "hierdie bespotting van die gedagtenis van die Voortrekkers sal die boetedoening deur oud-nasionale politici wees vir die weglating van 'God Save The King' by die militêre parades op Uniedag".[95]

Protesvergaderings om te verhoed dat God Save The King wel by die hoeksteenlegging gespeel sou word, is gevolglik oral gehou.[96] N.J. van der Merwe, Hoofbestuurslid van die FAK, het op 24 Julie in Stellenbosch gesê dat God Save The King simbool van Britse Imperialisme was en dat die Afrikaner se Voortrekkertradisie in direkte teenstelling daarmee was. Dit was volgens Van der Merwe dus heeltemal teenstrydig om met God Save The King aan die Voortrekkers hulde te bring.[97]

Te midde van die aandrang van Nasionaliste dat die Regering hom van die hoeksteenlegging moes onttrek, het die ***Rand Daily Mail*** 'n beroep op Hertzog gedoen om nie daaraan toe te gee nie.[98]

Malan het op 26 Julie 1938 tydens die volksliedebat in die Volksraad die kwessie van die hoeksteenlegging bespreek. Hy het gesê dat dit ironies was dat toe Suid-Afrika nog in sy Kroonkolonie-stadium was, daar nie tydens Dingaansfeeste by Vegkop en Parys, waar die Goewerneur-generaal aanwesig was, God Save The King gespeel is nie. Suid-Afrika was in 1938 'n vry en selfstandige land. Die

---

93 ***Die Burger***, 21 Jul. 1938: berig; vgl. ***Die Transvaler***, 21 Jul. 1938: berig.

94 ***Die Burger***, 21 Jul. 1938: berig.

95 ***Die Burger***, 21 Jul. 1938: hoofartikel.

96 ***Die Burger***, 22 Jul. 1938: berig; vgl. G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.475.

97 ***Die Burger***, 22 Jul. 1938: berig; vgl. P.W. Coetzer & J.H. le Roux (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 4 ..., p.218.

98 ***Rand Daily Mail***, 25 Jul. 1938: editorial.

hoeksteenlegging het nie die Regering en Goewerneur-generaal as gas geraak nie. Dit het bloot te make gehad met die Afrikanervolk en sy tradisie en nogtans wou die Regering God Save The King speel. Malan het die Regering ernstig gemaan om rekening te hou met die gevoel van Afrikaners wat protesteer teen die speel van die Britse volkslied by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument.[99]

Op die volgende dag, 27 Julie, is daar amptelike verklaar dat indien die Goewerneur-generaal by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument met "die gebruiklike eerbewys ontvang sou word, dit onder teenswoordige omstandighede tot heelwat onaangenaamheid en bitterheid sou lei". Die hoeksteenlegging sou daarom nie 'n staatsgeleentheid wees nie.[100] Gevolglik was die Goewerneur-generaal nie aanwesig nie en is God Save The King nie gespeel nie.

Wat het die Engelse perskommentaar omtrent die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument aan die lig gebring? Hoe het dit Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie geraak? ***The Cape Argus*** het daarop gewys dat Engelse se regte nie aangetas sou word nie, aangesien die seremonie nie-amptelik sou wees.[101]

***The Star*** het aangedui dat Suid-Afrika as lid van die Britse Gemenebes 'n verpligting teenoor die Koning en sy verteenwoordiger gehad het.[102] Dié blad het God Save The King as 'n Gemenebeslied bestempel.[103] Die ***Cape Times*** het die hoeksteenlegging as 'n fees wat 'n ware gees van 'n verenigde Suid-Afrikanisme moes uitstraal, beskou.[104]

Die Engelse pers wou waarskynlik met die uitgangspunt dat Suid-Afrika deur 'n gemeenskaplike trou aan die Britse Koning gebind was, die reg op ontvoogding van die Britse konneksie ontken het. Die klem wat hulle op die verenigde Suid-Afrikanisme geplaas het, was 'n ou troefkaart om die Britse konneksie te laat gedy.

---

99 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 26 Jul. 1938, kol. 1103,1104.

100 ***Die Transvaler***, 27 Jul. 1938: berig; vgl. J.H. le Roux, ***Die simboliese ossewatrek van 1938 en die Hertzogbewind***, (Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing XVII, 22 Sep. 1988), p.5.

101 ***The Cape Argus***, 12 Jun. 1938: editorial.

102 ***The Star***, 23 Jul. 1938: editorial.

103 ***The Star***, 19 Feb. 1938: editorial.

104 ***Cape Times***, 16 Dec. 1938: editorial; vgl. ***The Cape Argus***, 16 Dec. 1938: editorial.

## 8.3.2 SAMEVATTING

Wat was die betekenis van die volksliedkwessie vir Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie?

Die speel van Die Stem tydens die 1938-Parlementsopening het aansien daaraan verleen. Voorheen is God Save The King algemeen as 'n volkslied van Suid-Afrika aanvaar. Die Regering se aankondiging dat God Save The King nie Suid-Afrika se amptelike nasionale volkslied was nie, het meegebring dat die lied se status in werklikheid verlaag is.

Hoewel Die Stem nie amptelike status ontvang het nie, het die mate van erkenning wat dit in 1938 ontvang het, tog beteken dat Suid-Afrika se konneksie met Brittanje losser geraak het. Dit kan as 'n belangrike mylpaal beskou word. In 1957 sou beide Die Stem van Suid-Afrika en die nasionale vlag amptelike erkenning as die nasionale simbole van Suid-Afrika ontvang.

Terwyl politici wette gemaak en hul implikasies vir Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie in parlementêre debatte en tydens politieke vergaderings uitgespel het, het die rol wat simbole in die ontvoogdingsproses gespeel het die hartklop van die Afrikaans- en Engelstalige blanke bevolkingsgroepe weerspieël. Uit hierdie eggo van 'n kultuurgroep se gemoed het emosionele sentimente, diepgewortelde vrese en lang gekoesterde ideale telkens na die oppervlak van die politieke kookpot gedryf.

Verskille oor die vlag en die volkslied kan telkens na 'n enkele vraag teruggevoer word: was Suid-Afrika aan die Britse Gemenebes deur 'n gemeenskaplike Koning gebind? In die volgende hoofstuk word hierdie vraagstuk van naderby ontleed.

---oOOo---